# Meisies Wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander

THINK
DIGITAL ACADEMY



## Anadi Gopal Joshi

(1865-1887)



**Anadi Gopal Joshi**

**(1865-1887)**

Soos algemeen was in die negentiende-eeuse Indië, het Anandi getrou toe sy nege jaar oud was en op die ouderdom van veertien 'n kind in die wêreld gebring.



Tien dae later is die kind oorlede. Ongelukkig was dit 'n gereelde gebeurtenis in Indië, waar dit moeilik was om enige mediese sorg te bekom.



Anadi was vasbeslote om dit te verander.



Op agtienjarige ouderdom het sy oor die oseaan na Amerika gevaar, waar sy aansoek gedoen het by die Vrou Mediese Kollege van Pennsilvanië.



‘Ek mag dalk nie die kwalifikasies hê wat u vra nie,’ het sy in haar aansoek geskryf. ‘Maar asseblief, gee my 'n kans om my arme, lydende landgenote te help.’





Hulle het haar aanvaar, en Anandi het voortgegaan om te gradueer, en het die eerste Indiese vrou geword wat 'n graad in Westerse geneeskunde verwerf het. Koningin Victoria het vir haar 'n boodskap van gelukwensing gestuur.



Maar al die tyd wat sy gestudeer het, het Anandi teen haar eie siekte geveg. Sy het swak gevoel en kortasem geraak, en sy het gely aan hoofpyne en koors.



Die koue, klam klimaat van Pennsilvanië was vir haar onbekend, en dit het haar siekte vererger.



Nie lank na haar terugkeer na Bombaai nie, het Anandi gesterf. Sy was een-en-twintig jaar oud.



Ten spyte daarvan dat haar lewe kortgeknip was voordat Anandi al haar doelwitte kon bereik, het sy 'n generasie vroue geïnspireer om los te breek van die tradisionele rolle wat aan hulle toegewys is.



Verskeie toekennings en genootskappe in geneeskunde is sedertdien in haar naam gestig, en 'n reusekrater op die planeet Venus is na haar vernoem.



Op wat haar 153ste verjaardag sou wees, het Google hul logo verander na 'n tekening van Anandi wat haar mediese diploma vashou. Die wêreld het nie Indië se eerste vroulike dokter vergeet nie.




THINK
DIGITAL ACADEMY